# KONSEP KONSTITUSIE  BEWAREAS

1. Naam
   Die naam van die **BEWAREA** is die-------------------------------------**BEWAREA** hierna genoem die “Organisasie”.

2. **Doelstellings**
   Die doel van die Organisasie is om :

A. Die beskerming van inheemse plante en diere, ongeskonde-of beduiderzde biologiese gemeenekappe of landskappe van buitengewone skoonheid, te bevorder;

B. Met Owerheidsliggaime saam te werk ten opsigte van die bestuur van die bewaringsgebied;

C. Fondse in te samel en dit ter bevordering van die aktiwiteite van die Organisasie aan te wend.

3. **Lidmaatskap**
   Lidmaatakap van die organisasie is oop vir  enige eienaar van grond binne die omskrewe bewaringsgebied of enige ander eienaar van aangrensende grond wat sy grond tot die omskrewe gebied wil byvoeg. Eienaar van grond beteken die geregistreerde eienaar van die grond of ingeval van grond wat verhuur word, die huurder daarvan.
   Lede betaal ledegeld teen n tarief soos op die algemene jearvergadering vasgestel is.
   Ingeval ‘n lid ingebreke bly om sy ledegeld op die tyd waarop dit verskuldig geword het, te betaal, verval sy lidmaatskap van die organsasie en verbeur by enige verdere regte en voordele as lid van die organisasie.

4. **Omskrewe Gebied**
   Die omskrewe gebied van die organisasie sluit in die grond waaruit die bewarinsgebied bestaan.

5. **Regspersoonlikheid.**
   Die organisasie is met regspersoonlikheid beklee en kan regsgedinge voer.

6. **Finansieel**
   Die finansiële jaar van die organisasie strek vanaf  -------------tot---------------
   (in die volgende jaar). Alle finansiele transaksies van die organisasie word behoorlik deur die Sekretaris/Tesourier geboek-staaf en hy le jaarliks na afsluiting van die finansiële jaar ‘n volledige finansiele verslag wat deur homseif en die Voorsitter en volle bestuur

onderteken is, aan die algemene jaarvergadering voor. Die organisasie beskik oor die bevoegdheid om fondse te ontvang, te bele en te bestee.

7. **Algemene Jaarvergadering**
‘n Algemene jaarvergadering van lede van die Organisasie word jaarliks binne 60 dae na afsluitinig van die finansiele jaar op ‘n plek en tyd, soos deur die bestuur besluit, gehou. Kennis van so ‘n algemene jaarvegadering moet skriftelik aan elke lid, minstens 21 dae voor die beoogde vergadering, gegee word.
Sake wet op die algemene jaarvergadering behandel word, is die volgende:
Voorsitter se verslag van werksaamhede.
Finansiele veralag
Verkiesing van Ampsdraers vir die volgende jaar.
Bepaling van ledegeld.
Enige ander sake wat op die agenda verskyn.
‘n Derde van die ingeskrewe lede vorm ‘n kworum by die algemene jaarvergadering. ‘n Gewone meerderheid van stemme sal in alle gevalle waar besluite geneem word, beslissend wees

8. **Spesiale Algemene Vergaderings**
Spesiale algemene vergaderings mag te eniger tyd deur die bestuur bele word mits daar op dieselfde wyse as vir n algemene jaarvergadering kennis gegee word en die sake wat bespreek moet word, duidelik in sodanige kennisgewing genoem word.: Geen ander sake mag op so ‘n spesiale vergadering bespreek word nie. ‘n spesiale algemene vergadering moet bele word wanneer 1/3 of meer van die opbetaalde lede so ‘n spesiale vergadering aanvra. Die versoek vir so ‘n spesiale algemene vergadering moet skriftelik aan die bestuur gerig word, die saak wat bespreek moet word, moet daarin vervat wees, dit moet die handtekeninge van die lede wat die spesiale vergadering aenvra, bevat en moet die bestuur minstens 30 dae voor die beoogde datum van so n spesiale algemene vergadering bereik

9. **Bestuur** Die bestaur van die Organisasie word jaariiks op die algemene jaarvergade ring verkies en bestaan uit die volgende ampte

- Voorsitter
- Vise voorsitter
- Sekretaris
- Tesourier
- Addisionele lede soos nodig en deur die algemene jaarvergadering besluit.

Die bestuur mag bykomende lede soos nodig, kopteer en so gekoöpteerde lid bet volle sitting en stemreg op alle vergaderirigs van die bestuur vir die tydperk wat hy gekoöpteer is.Lede van die bestuur beklee hulle ampte tot hulle opvolgers op die volgende algemene jaarvergadering aangewys is. Lede van die bestuur is herkiesbaar .

Vergaderings van die Bestuur Die bestuur vergader minstens vier keer per jaar op tyd en pick soos deur die Voorsitter bepaai, en stel die plaaslike natuurbewaarder minstens 7 dae voor so ‘n vergadering in kennis van die vergadering.

10. **Notules** Die Sekretaris hou van elke vergadering behoorlik notule. Notules moet nadat dit bekragtig is deur die Voorsitter en Sekretaris onderteken word.’n Afskrif van die notule

van die algemene jaarvergadering tesame met die finansièle state en die name ‘van die verkose bestuurslede moet binne 30 dae na die algemene jaarvergadering aan die Direkteur van Natuurbewaring gestuur word

11. **Konstitusje** Onmiddeliik na stigting van ‘n bewaringagebied word notule van die stigtingsvergadering, die aanvaarde konstitusie tesame met die name van bestuurslede aan die Direkteur van Natuurbewaring voorsien.
Wysigings van die konstitusie mag sleg geskied op ‘n algemene jaarvergadering of op ‘n spesiale algemene vergadering wat spesifiek vir die doel bedoel is.’n Wysiging van die konstitusie moet met mintens. ‘n tweederde meerderheid van lede teenwoordig, goedgekeur word. ‘n Kennisgewing van ‘n vergadering waarop die konstitusie gewysig moet word, moet volle besonderhede van so ‘n beoogde wysiging bevat.

12. **Personeel** Die bestuur beskik oor die bevoegdheid om personeel aan te stel ter bevordering van die doelatellings van die Organisasie en om die vergoeding en voordele van sodanige personeel te bepaal. en te betaal. Sodanige personeel staan onder die direkte toesig van die Voorsitter of iemand deur die bestuur aangewys.

13. **Ontbinding** Die Organisasie kan slegs ontbind word indien tweederdes van lede teenwoordig op *‘n* spesiale algemene vergadering wat spesiaal vir die doel belê is, ten gunste van so ‘n ontbinding stem. By ontbinding sal alle bates tussen die opbetaalde lede verdeel word. Die Direkteur van Natuur— bewaring moet in kennis gestel word van so ‘n ontbinding.

14. **Vertolking**Tydens alle vergaderings van die Organisasie bet die voorsitter ‘n beraad slagende sowel as ‘n beslissende stem, en sy vertolking van enige saak is beslissend en finaal

15. . **Staking van Aktiwiteite** Ingeval van staking van aktiwiteite kan die Direkteur van Natuurbewaring esiale vergaderirig van opbetaalde lede bele met die doel om die orga— nisasie te ontbind